Hoe om oom Jakkie se "Ken jou dorpe" te speel

Graad 7 tot 12

Ons almal het oom Jakkie leer ken met die fietstoer van 2019. Wat 'n ongelooflike oom wat ons almal bewonder. Behalwe vir sy deursettingsvermoë en fiksheid, is hy ook 'n baie wyse oom. Hy het vir ons geleer dat elke persoon drie dinge het naamlik tyd, geld of vaardighede wat mens 'n gemeenskap mee kan dien. Hy het tyd en het so die Voortrekkers deur sy fietstoer bemark. Baie dankie oom Jakkie!
Maar oom Jakkie het ook baie kennnis van ons land en dorpe. Hierdie oulike vasvrae kan spanoffisiere enige tyd gebruik om vir kinders meer van ons land se dorpe en van Suid-Afrika te leer. Oom Jakkie het hierdie vasvrae vir 'n radioprogram opgestel.

Onderwerpe: Dorpe in Suid-Afrika

Stappe

1. Benodighede: Kaartjies (vrae en antwoorde). Hierdie kaartjies bestaan uit vrae oor dorpe. Die kaartjies is volgens provinsies.
2. Die vasvrae kan op verskillende maniere gedoen word. Die vasvrae kan individueel of in groepe plaasvind. Indien jou span groot is, kan hulle in verskillende groepe ingedeel word.
3. Vra die vraag. Die span/individu wat die antwoord ken, ontvang 'n punt. Indien geen span die antwoord ken nie, gee die antwoord en vra dan later weer die vraag.
4. Vrae kan herhaal word sodat spanlede die dorpe kan leer ken.

Wenke

1. Hierdie speletjie kan ook as spanbou met volwassenes gespeel word.